kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Lewensfases en dit waarteen die Here ons moet beskerm

Skriflesing: Psalm 71

Broodjies vir die pad

All the world's a stage,
And all the men and women merely players;
They have their exits and their entrances,
And one man in his time plays many parts,
His acts being seven ages. At first, the infant,
Mewling and puking in the nurse's arms.
Then the whining schoolboy, with his satchel
And shining morning face, creeping like snail
Unwillingly to school. And then the lover,
Sighing like furnace, with a woeful ballad
Made to his mistress' eyebrow. Then a soldier,
Full of strange oaths and bearded like the pard,
Jealous in honor, sudden and quick in quarrel,
Seeking the bubble reputation
Even in the cannon's mouth. And then the justice,
In fair round belly with good capon lined,
With eyes severe and beard of formal cut,
Full of wise saws and modern instances;
And so he plays his part. The sixth age shifts
Into the lean and slippered pantaloon,
With spectacles on nose and pouch on side;
His youthful hose, well saved, a world too wide
For his shrunk shank, and his big manly voice,
Turning again toward childish treble, pipes
And whistles in his sound. Last scene of all,
That ends this strange eventful history,
Is second childishness and mere oblivion,
Sans teeth, sans eyes, sans taste, sans everything."
— William Shakespeare, As You Like It

Rolprent praat direk met jou hart

Laetitia Pople

Dominee Tienie
Drama
****

In 'n tyd waar mense hul heil en geestelike leiding elders soek en kerke leegloop, staan Dominee Tienie as 'n tragiese figuur.

Jou hart bloei vir hom, veral as jy as kind soortgelyke kerke se banke deurgesit het en as volwassene net vir 'n begrafnis in 'n kerk kom. Sy kudde het vas-geval in harteloosheid en 'n onderlinge kleinlike gekyf. Dit is nou die enkeles wat oor is, die ander is oor die bult na die ander kerk waar dit joliger gaan met kitare en so.

Kerkowerhede meen hulle weet van beter en laat nie 'n oomblik verbygaan om dit aan arme Tienie te sê nie. Tienie is dus hoogs bedremmeld. Sy huwelik het verdor, kommunikasie met sy tienerkinders is stram en suur en daar is nie juis 'n vriend in sig nie.

Dan doen 'n swerwer aan by sy kerk. Dié ontmoeting sou sy lewe en dié van sy kerk in 'n ander koers stuur. Sonder om veel uit te wei en die storie weg te gee – die Christelike idee dat die kerk die hande en voete van Christus word op aarde, word hier opnuut ontgin en lewend gemaak. Boonop beoog Tienie om twee mans in die huwelik te bevestig – o, sonde.

Feesgangers het al kennis gemaak met Tienie, wat na sy eie hol eggo's in 'n dolleë kerk luister in die suksesvolle eenmanstuk van die skrywer Dana Snyman, ook met Frank Opperman in die toga. Dit is wyd en voor vol sale op feeste opgevoer. Snyman het as predikantseun hier 'n tydige boodskap gebring danksy sy binnekennis van die lewe in 'n pastorie.

As rolprent onder die sensitiewe en raakvat-leiding van die regisseur Sallas de Jager (*Free State* en *Stuur groete aan Mannetjies Roux*) kry dit 'n dieper en nog ryker patina. Met die NG Kerk se laakbare omkeer van die besluit oor selfdegeslag-huwelike word uit die Suid-Afrikaanse rolprentkuns 'n ware en bly boodskap gebring oor 'n enkele mens wat die moed van sy oortuiging uitleef, wat elke dag stukkie vir stukkie 'n nuwe wêreld bou.

Opperman se bedrewe vakmanskap is onbetwisbaar. As Ouboet in *Orkney snork nie* het hy ons laat runnik van die lag, as Tienie doen hy iets wat jou in die siel raak, wat met jou mensheid praat – hard én sag. Sy stem en sy oë leef mee. Opperman is soveel meer as sy grapjas-etiket. Henriëtta Gryffenberg staan sterk en empaties as sy vrou, so ook skakeer Carel Nel, Paul Eilers en Annette Engelbrecht se vertolkings die

rolprent behendig met verskeie fasette. Hier is besinning sonder dat iemand 'n preek afsteek.

Dominee Tienie word sterk aanbeveel as pitkos vir kerkgangers en verlooptes. Dit is eg en 'n vreemde mengsel van komedie, sielkunde en godsdiens wat werk en reguit na jou hart gaan.

90 minute. 10-12 OLT.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/rolprent-praat-direk-met-jou-hart-20190124

"One always has to know when a stage comes to an end. If we insist on staying longer than the necessary time, we lose the happiness and the meaning of the other stages we have to go through. Closing cycles, shutting doors, ending chapters – whatever name we give it, what matters is to leave in the past the moments of life that have finished."
— Paulo Coelho

"Our identity is like a kaleidoscope. With each turn we reset it not to a former or final state but to a new one that reflects the here-and-now positions of the pieces we have to work with. The design is always new because the shifts are continual. That is what makes kaleidoscopes, and us, so appealing and beautiful."
— David Richo, How to Be an Adult in Relationships: The Five Keys to Mindful Loving

"How many young college graduates have taken demanding jobs in high-powered firms, vowing that they will work hard to earn money that will enable them to retire and pursue their real interests when they are thirty-five? But by the time they reach that age, they have large mortgages, children to school, houses in the suburbs that necessitate at least two cars per family, and a sense that life is not worth living without really good wine and expensive holidays abroad. What are they supposed to do, go back to digging up roots? No, they double their efforts and keep slaving away."
— Yuval Noah Harari, Sapiens: A Brief History of Humankind

"A meaningful life can be extremely satisfying even in the midst of hardship, whereas a meaningless life is a terrible ordeal no matter how comfortable it is."
— Yuval Noah Harari, Sapiens: A Brief History of Humankind

Brood vir die pad

'n Onderwyser se les vir die wêreld

Jan Lubbe

"Waar ons was. Waarheen ons gaan. Waarom." Dáároor sou sy praat.

Dit was 'n Dinsdag in Januarie. Vir 15 jaar was sy 'n toegewyde en geliefde onderwyseres; baie gebalanseerd, het kollegas haar beskryf. Koerantberigte oor haar. Die oë van 'n nasie was op haar, ook dié van haar klas en skool. TV-kameras, orals. Emosie sigbaar toe sy opstap. Haar ouers wat na haar opkyk. En toe, ná 73 sekondes, was dit verby. Onwerklik. 'n Onvergeetlike foto. Elana Barkhuizen, die juffrou van Schweizer-Reneke? Nee. Alhoewel daar ooreenkomste tussen dié twee nuusgebeure is . . .

Onderwysers – soos dosente en ander opvoeders – is elke dag in die openbare oog. Jy staan voor 'n klas; een van die belangrikste plekke om in 'n samelewing te mag staan. 'n Voorreg. Want jy staan voor die toekoms. Oud-pres. Nel-son Mandela se gevleuelde woorde: Die ware karakter van 'n samelewing word sigbaar in hoe hulle hul kinders ver-sorg, opvoed en begelei.

Ek onthou hoe my pa – landbou-onderwyser in Kuruman vir drie dekades – daarop gesteld was: As onderwyser trek jy netjies aan, daag voorbereid op, wees stiptelik, aanvaar verantwoordelikheid vir wat jy moet doen, bly nederig. "Old school".

Maar was dit dan nie ook die leermeester uit Nasaret wat 'n kindjie nadergeroep het as "die belangrikste in die koninkryk van die hemel" nie? En bygevoeg het: Wie só 'n kindjie laat struikel of die pad byster laat raak of geloof en vertroue laat verloor, kan liewer met 'n meulsteen om die nek wegsink in vergetelheid (Matt. 18) – só belangrik is opvoeding.

Mens slaan jou hande saam oor die dwaashede wat grootpraterige onderwysleiers kwytraak, die onbevoegdhede van amptenare, die gevegte in beheer-liggame, skoolhoofde wat nie opdaag nie, dronk onderwysers . . . en dít voor die oë van ons kinders! Wat op die "speelgronde" van ons skole – van kleuterskole tot universiteite – gebeur, is maar net 'n nabootsing van wat kinders en jongmense hul ouers en onderwysers sien doen en hoor skree het.

Of nié sien doen het nie: die afwesigheid van goeie rolmodelle. Elke skool-gevegvideo wat "uitlek", wys hoe diep ons samelewing in nóg 'n puttoilet val en verdrink. En dit is nie anders in kerke nie: Die voorbeeld van dominees, pastore, kategete en kerkmense wat teleurstel en jongmense hul rug daarop laat draai, ontnugter oor wat 'n goeie voorbeeld moes wees en dit in 'n ruimte van veiligheid en versorging?

Die nuwe jaar is 'n maand oud. Ons kinders in hul skoolbanke, studente aan't registreer. Hulle het onderwysers en lektore nodig wat selfbewus is, in die beste sin van die woord: Waarmee is ek besig en hoekom doen ek wat ek doen? Nie foutloosheid nie, maar wel verantwoordelikheid. 'n Volwasse voor-beeld wat sê: "Ek is jammer, kom ons probeer môre weer." Dís die wysheid uit ou Israel se gebedeboek: Vertel die verhaal, sodat ons kinders en húlle kinders sal onthou om aan God gehoor-saam te leef, dankbaar en met respek teenoor ander (Ps. 78). Dís die grond van alle wetenskap: Vertel waar ons vandaan kom en waarheen ons gaan, waarom en hoe.

En dít was waaroor juffrou Christa McAuliffe uit die ruimte aan haar klas en miljoene kinders 'n les sou aanbied: "Where we've been, where we're going, why." Sy was 'n bemanningslid aan boord van die pendeltuig Challenger. Op Dinsdag, 28 Januarie 1986, net ná lansering, het die tuig ontplof, die lugruim gevul met rookpluime soos 'n sterwende swaan. Voor die oë van haar ouers, kinders, klas en die wêreld.

As ouer salueer ek alle toegewyde opvoeders. Bly doen waartoe julle geroep is, ten spyte van. Ons bid vir julle.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/n-onderwyser-se-les-vir-die-wereld-20190128

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877